# Leeukop Kontoerpad 2024

| ROETE: | Kontoerpad Leeukop en Seinheuwel | DATUM: | 15 Junie 2024 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Dit is 'n lieflike wintersdag hier in Kaapstad en 13 stappers staan gereed. Ons groet en verwelkom Hazel, Marco, Minnie en Maletha-Grace. Ons begin stap padlangs tot by die grondpad waar die roete begin. Hier besluit Minnie om liefs om te draai en in die motor te wag vir haar gesin. Ons jongste stapper is 3 jaar oud en is gelukkig om meeste van die roete op haar pa se arm te sit. Ons volg die voetpad verby die Kramat en dan die klipperige kronkelpad wat na Seinheuwel toe lei. Hier drink ons vinnig ietsie, bewonder die pragtige uitsigte en stap dan weer verder. Ons swenk regs en sluit aan by die voetpad wat ons onderom Leeukop neem verby al die luukse huise van Seepunt. Nadat ons 'n redelike styl opdraend met 'n paar trappe geklim het kom ons by die dennebome waar ons behoorlik breek en kosblikke en koffie / tee geniet. Hazel, Marco en Maletha-Grace stap verder, aangesien hulle haastig is. Marco bevestig dat hulle veilig by hul motor is. Die res van ons kuier nog 'n rukkie en stap dan rustig terug tot by ons motors, groet en verdaag. Baie dankie Arie en Arina dat julle ons agterhoede gedek het! Hoogte geklim: 262m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Arina van Eck | 147/2024 | R 5 | 10 | |
| Arie van Eck | 148/2024 | R 5 | 10 | |
| Estelle Zietsman | 048/2024 | R 5 | 10 | |
| Werner Booysen | 072/2024 | R 5 | 10 | |
| Brenda Sideratos | 071/2024 | R 5 | 10 | |
| Mirandag Myburgh | 092/2024 | R 5 | 10 | |
| Amanda Matthee | 045/2024 | R 5 | 10 | |
| Susan Pienaar | 086/2024 | R 5 | 10 | |
| Danie Pienaar | 085/2024 | R 5 | 10 | |
| Edna Terblanche | 040/2024 | R 5 | 10 | |
| Kobus Terblanche - SIEK | 041/2024 | | | |
| Hazel Adonis | 185/2024 | R 5 | 10 | |
| Minnie Adams - WAG IN MOTOR | Besoeker | | | |
| Marco Parson | Besoeker | R 10 | 10 | |
| Maletha-Grace Parson | Besoeker | R 10 | 10 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 75** | **130** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Edna neem eie noodhulp sakkie |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen vorraad benodig nie |

| VERSLAG DEUR: | Edna Terblanche |
|---|---|